http://lexikos.journals.ac.za

# Voorwoord

In hierdie uitgawe van *Lexikos* publiseer ons verskeie lesings wat by AFRILEX 2000 aangebied is. Die tema was Woordeboeke van Tale vir Spesiale Doeleindes. Ongelukkig was dit vanweë 'n gebrek aan ruimte nie moontlik om meer van hierdie lesings in te sluit nie. Sommige daarvan sal volgende jaar gepubliseer moet word.

Ons voeg ook 'n nuwe kategorie in waaronder artikels geklassifiseer kan word: *Lexikonotas*. Hierdie kategorie is bedoel vir artikels wat voorstelle maak, probleme stel, vrae vra, inligting verskaf, kommentaar lewer, en oplossings voorstel, maar waarin die menings nie so uitvoerig beredeneer en ontwikkel word soos in die kategorie *Beskouende artikels* nie. Daar word selfs gehoop dat lesers sal reageer op punte wat in hierdie artikels aangeraak word.

Daar was veranderinge in die Adviesraad en die Redaksiekomitee. Die funksie van die Adviesraad is om toesig te hou oor die gehalte van *Lexikos* in die algemeen. In die plek van prof. V. February wat uittree, het dr. H. Chimhundu (voorheen lid van die Redaksiekomitee), dr. A.F.M.J. Moerdijk en dr. L.S. Vikør die uitnodiging aanvaar om vanaf hierdie uitgawe op die Adviesraad te dien.

Die taak van lede van die Redaksiekomitee is om te help met die beoordeling van artikels vir insluiting in *Lexikos*. Verskeie redaksielede wat vir 'n termyn van drie of meer jare gedien het, het uitgetree. Hulle is prof. W.R.G. Branford, mev. M. Matthews, prof. B.M. Mini, prof. E.H. Raidt, mev. P.M. Silva, prof. G.J. van Jaarsveld en prof. E.B. van Wyk. Vanaf hierdie uitgawe is die nuwe lede van die Redaksiekomitee dr. M.M.R. Dube, me. K.P. Kavanagh, mnr. K.J. Mashamaite en mnr. T.X. Mfaxa.

Ons wil die nuwe lede van die Adviesraad en Redaksiekomitee verwelkom. Ons hoop hul deelname aan die produksie van *Lexikos* sal 'n uitdagende en vrugbare ervaring wees. Al die uittredende lede moet bedank word vir hul bydrae. Sonder hul raad sou die standaard van *Lexikos* nie volgehou kon word nie en sonder hul oordeel sou die gehalte van die artikels nie gewaarborg kon word nie.

## Dankbetuiging

Vanjaar moes die keurders baie artikels op baie kort kennisgewing beoordeel. Ten spyte daarvan, kon hulle nog die tyd vind om dikwels uitvoerig op die gehalte en moontlike verbetering van die artikels kommentaar te lewer. Die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



aansienlike moeite wat hulle met die beoordeling van die artikels gedoen het, word hoog gewaardeer.

Me. Tanja Harteveld het in 'n drieledige hoedanigheid opgetree: behalwe dat sy die resensieredakteur was, het sy ook al die administrasie en korrespondensie behartig en al die setwerk van die manuskrip gedoen. Mnr. Etienne Botha het al die Engelse artikels gelees en waardevolle opmerkings gemaak vir hul verbetering. Sonder me. Harteveld en mnr. Botha se aansienlike ervaring en geduldige hulp sou hierdie uitgawe van *Lexikos* nie gepubliseer kon word nie. Ek wil hulle altwee bedank.

J.C.M.D. du Plessis

*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za

# Foreword

In this issue of *Lexikos*, we publish several papers presented at AFRILEX 2000. The theme was Dictionaries of Languages for Special Purposes. Unfortunately it was not possible to include more of these papers due to a lack of space. Some have to be published next year.

We also introduce a new category under which articles can be classified: *Lexiconotes*. This category is meant for articles making suggestions, stating problems, asking questions, giving information, offering comments and suggesting solutions, but in which the ideas are not so extensively argued and developed as those in the category *Contemplative Articles*. It is even hoped that readers will react to issues raised in these articles.

There have been changes to the Advisory Board and the Editorial Committee. The function of the Advisory Board is to supervise the standard of *Lexikos* in general. In the place of Prof. V. February who retires, Dr H. Chimhundu (previously member of the Editorial Committee), Dr A.F.M.J. Moerdijk and Dr L.S. Vikør have accepted the invitation to serve on the Advisory Board from this issue onwards.

The task of members of the Editorial Committee is to help judge articles for inclusion in *Lexikos*. Several committee members who have served a term of three or more years, are now retiring. They are Prof. W.R.G. Branford, Mrs M. Matthews, Prof. B.M. Mini, Prof. E.H. Raidt, Mrs P.M. Silva, Prof. G.J. van Jaarsveld and Prof. E.B. van Wyk. As from this issue, the new Editorial Committee members are Dr M.M.R. Dube, Ms K.P. Kavanagh, Mr K.J. Mashamaite and Mr T.X. Mfaxa.

We wish to welcome the new Advisory Board and Editorial Committee members. We hope their participation in the production of *Lexikos* will be a challenging and fruitful experience. All the retiring members must be thanked for their contribution. Without their advice the standard of *Lexikos* could not have been maintained and without their judgement the quality of the articles could not have been guaranteed.

## Acknowledgements

This year the judges had to evaluate many articles at very short notice. In spite of this, they could still find time to often comment extensively on the quality



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



and possible improvement of the papers. The considerable effort they put into the judging of the papers is much appreciated.

Ms Tanja Harteveld acted in a triple capacity. Apart from being the review editor, she handled all the administration and correspondence and did all the typesetting of the manuscript. Mr Etienne Botha read all the English articles and made valuable suggestions for their emendation. Without Ms Harteveld's and Mr Botha's considerable experience and patient assistance, this issue of *Lexikos* would not have been published. I wish to thank them both.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)